MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> Dit lyk altyd onmoontlik totdat dit gedoen is.

## Uit die Hoof se Kantoor

Ons spoggerige swemuitslae is voorwaar 'n groot hoogtepunt van dié kwartaal. Om in die eerste jaar van deelname in die A-liga, hiérdie resultate te behaal, is uitstekend. Weereens, baie geluk aan ons swemmers en afrigters. Die ure se oefening het sonder twyfel vrugte afgewerp.
Phil Jackson het gesê:
*"Die krag van die span is elke individuele lid. Die krag van elke lid is die span."*
Welgedaan aan ons uitmuntende swempan!

## INLIGTING

### Ridge KlaStorie-aand 2023

Die Ridge KlaStorie-aand vind op Maandag, 13 Maart 2023, om 16:30-20:00, plaas. Die luisteraars kom in die saal bymekaar, geklee in 'n SPEURDER-UITRUSTING / POLISIEHOED met 'n "sitkussing", kombers en PIEKNIEKMANDJIE. (Geen teddiebere of speelgoed nie, asseblief.) Daar sal 'n pouse wees waartydens leerders versnaperinge uit hul piekniekmandjie kan geniet.
Let wel: Dié aand is SLEGS vir graad 4 tot graad 7-leerders. Ons kan ongelukkig nie boeties en sussies akkommodeer nie. Die koste verbonde aan die aand beloop R90-00 per leerder en sal teen die einde van April 2023 van u rekening verhaal word.
Kontakpersoon: Me. T. Smith: twanis@midstreamridgeprimary.co.za
Die storie-aand vir Engelssprekende leerders sal op 18 September 2023 plaasvind.

### Inleidende Studiemetode-Kursus

Klik asseblief op die skakel vir meer inligting rakende 'n inleidende studiemetode-kursus wat hoofsaaklik vir graad 4-leerders aangebied word. Indien u belangstel dat u kind die kursus bywoon, voltooi asseblief die skeurstrokie en stuur voor of op 17 Maart terug.
**Studievaardighede**

# Rakker-Swemsterre





*Midstream Ridge Laerskoo*l het op Dinsdag, 7 Maart, vir die eerste keer aan die A-Bond swem ligabyeenkoms deelgeneem. Ons is geweldig trots op ons spannetjie en hul uitslae.

**MRP eindig algeheel tweede.**

**MRP-seuns eindig algeheel eerste.**

**MRP-Dogters eindig algeheel vierde.**

Wel gedaan aan die swemmers, onderwysers, afrigters en natuurlik ons fantastiese ouers wat altyd so getrou ondersteun.





# Rakker-Tennissterre

*Midstream Ridge Laerskoo*l het vyf spanne vir die Tennis-liga ingeskryf. Al vyf spanne het kishoue geslaan.
'n Paar hoogtepunte:
Ons Oopspan A-seuns wen *Laerskool Swartkop* skoonskip met 54-0. Die span het tydens die liga nog geen wedstryde verloor nie. Hulle opponente sluit o.a *Laerskool Hennopspark* asook *Midstream College* in.
Die o.11 A-seuns wen *Midstream College* met 44 teenoor 21, asook *Cornwall Hill College*, 43-12.
Vir baie van dié spelers is dit hulle eerste liga en vorm van kompeterende tennis.
Ons enigste dogters-oopspan lewer met elke Maandag se wedstryde net beter en beter resultate.
Hulle behaal 'n mooi oorwinning oor *Laerskool Hennopspark* met 29-26.
Die o.11 B-seunspan se sportmangees en passie is iets om te aanskou, al is dit die eerste keer wat sommige van die spelers aan 'n liga deelneem. Hulle wen *Laerskool Rooihuiskraal* met 32-16 en *Midstream College* met 30-16.
Die Oopspan B-seuns was self 'n klompie staatmakers, al speel hulle teen baie sterk skole in hul liga.





## AANSOEKE VIR GRAAD 1 - 2024

Ouers word versoek om asseblief graad 1-aansoeke vir 2024 voor die einde van Maart 2023, in te dien. Geen harde kopie of e-pos aansoeke word aanvaar nie. Volg die onderstaande skakel om 'n aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae, kontak asseblief vir Corrie Burger by corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of telefonies by 012 940 9122.

**MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL TOELATINGS**

| Klerewinkel-Vakansietye Maart / April 2023 | |
|---|---|
| 17 Maart | 08:00 – 17:00 |
| 18 Maart – 4 April | Gesluit |
| 5 & 6 April | 08:00 – 16:00 |
| 7 – 10 April | Gesluit |
| 11 April | 08:00 – 17:00 |
| Vir dringende navrae skakel 064 937 0551 | |

## GRAAD 8-INSKRYWINGS 2024

Graad 8-inskrywings vir 2024 sluit Vrydag, 28 April 2023. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die **Midstream College** webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm: https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/

Vir enige toelatings navrae kontak me Carine Cronje by carinec@midstreamcollege.co.za.




Ons versoek u vriendelik om ons **OPEDAG** wyd-en-syd te bemark.

- Uitstallings.
- Neem deel aan aktiwiteite.
- Kom luister na ons orkes.
- Een gelukkige graad R-leerder kan sy/haar boekpakket vir 2024 wen.

Kom besoek ons vir meer inligting. Ons verwelkom u graag.

## PAASETE 17 MAART 2023

Behalwe vir 'n avontuurlustige eierjag en die heerlike sjokolade waaraan ons jaarliks tydens die paastyd smul, is Paasfees die belangrikste fees op die Christen-kalender. Nie net vier ons Jesus se kruisiging, waar hy vir ons sondes gesterf het nie, maar ook Sy opstanding.
Om hierdie spesiale tydperk te vier, hou *Midstream Ridge Laerskool* ons jaarlikse Paasete op Vrydag, 17 Maart 2023.

Die program vir die dag is as volg:
07:45 - 08:45 Graad 1 tot 7 Saalopening
09:00 -10:00 Graad 1 tot 3 Paasete in klasse
08:45 - 11:00 Vrydagrooster vir Graad 4 tot 7-leerders (Periodes 3, 4 en 5)
11:00 - 12:00 Graad 4 tot 7 Paasete in registerklasse

Leerders sal in registerverband hulle Paasete in hul klasse hou. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om op dié dag "Bybelse" kos in 'n kospakkie vir u kind te voorsien. Die kos kan in die vorm van vrugte (soos druiwe en vye), kase, brode, koue vleise, druiwesap, melk (almal geniet 'n smullekker Steri-Stumpie), dadels en heuning wees.
Die leerders sal hulle gewone skooluniform skool toe dra, maar hulle moet asb. die volgende saambring:
**Seuns**: 'n Vadoek of klein handdoek wat hulle op hul koppe dra
(Stuur asb. iets saam waarmee hulle dit kan vasmaak).
**Dogters:** 'n Groot serp wat hulle om hul koppe kan drapeer.
Ons sien uit om hierdie spesiale dag saam met al ons Ridge-Rakkers te vier!

## Bulletjie Rugby

*Bulletjie Rugby* is 'n Mini-rugbyprogram wat met die *Blou Bulle* geaffilieer is. Spanne speel 'n nie-kontak, mini-weergawe van Rugby met 'n 7's vlak van opwinding. Die doel is om vanaf die afskop, as 'n spannetjie, hard te werk om 'n drie te druk, terwyl 'n speler nog albei sy linte aan het. Die o.6- en o.7-spanne volg dieselfde reëls, maar vir o.8 word skrums en lynstane bygevoeg. Die aftrek van linte, in plaas daarvan om mekaar te duik, bevorder 'n veiliger spel vir al ons jong seuns wat van rugby hou en moedig groter spanwerk aan. Vaardigheidsontwikkeling is net so belangrik soos deelname en pret. *Bulletjie Rugby* is 'n spel wat ons jong rugbyspelers kan geniet, waar "wen" nie die dryfkrag is nie, maar waar hul aangemoedig word om dit te geniet en nuwe vaardighede aan te leer. Daarmee saam is 'n gesinsuitstappie altyd gewaarborg.
Saterdag, 11 Maart speel ons o.6, o.7 en o.8-Bulletjies, hul eerste wedstryd by *Laerskool Hennopspark*. Ons wens hulle, die afrigters en koördineerders, alle sterkte toe.
Mag rugby seëvier en mag die dag gevul wees met groot pret.
Oefening vind op Maandae en Woensdae van 17:00 tot 18:00, plaas. Wedstryde vind op Saterdae plaas.
Kontak gerus mnr. Marcel Jv. Nieuwenhuizen via e-pos vir verdere navrae by:
marcelj@midstreamridgeprimary.co.za














# Rakker Atletieksterre

Die *Cluster Atletiekbyeenkoms* het Maandag en Dinsdag, 20 en 21 Februarie 2023, plaasgevind. Tydens dié byeenkoms het honderd atlete van *Midstream Ridge Laerskool* deelgeneem en uitstekend gevaar. Elf van ons atlete het na die *Distrik Atletiekbyeenkoms* deurgedring waar ons weereens ons staal gewys het en vyfde uit sestien deelnemende skole, geëiding het. Dié byeenkoms het op Vrydag, 25 Februarie plaasgevind en die volgende sewe MRP-atlete is deur na die *Gauteng Kampioenskappe* wat 10 en 11 Maart by die *Ruimsig Atletiekstadion* plaasvind:

Donald Arodu (60 m; 80 m)
Jokim Mukadi (80 m; 100 m)
Phia Howatt (80 m; 100 m)
Christiaan Rautenbach (Hoogspring)
Alexander Strydom (Gewigstoot)
Maike Richelmann (Hoogspring)
Heinrich Becker (Spiesgooi en Hoogspring)














# Rakker-Perdrysterre

Baie geluk aan ons perdryspan met hul fantastiese uitslae tydens die SANESA EKURHULENI Q2 wat van 4 - 5 Maart 2023 plaasgevind het.

Alice Spickett
Bailey Polomé
Caitlin Spies
Jodi Connick
Lenae van Zyl
Lienka Crots
Mila Kosa
Olivia Kriel
Rylee Clarke
Talia Wilson
Zara Pappalardo









